higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AANLEG EN TOERUSTING
NKR VLAK 2

(12030052)

24 November 2023 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

328Q1N2324

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
AANLEG EN TOERUSTING
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n blou of swart pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Die meganisering van gereedskap het tot voortgesette tegnologiese vooruitgang gelei.

Noem TWEE soorte gemeganiseerde handgereedskap wat tot beter en vinniger werkwyses gelei het. (2)

1.2 Noem DRIE punte wat in ag geneem moet word wanneer die regte boutoerusting gekies word. (3)
[5]

VRAAG 2

2.1 Gesondheid en veiligheid is belangrike oorwegings om te verseker dat bouprojekte aan die wet en regulasies voldoen.

Noem VYF van die vernaamste kontroles wat tydens gesondheids- en veiligheidoudits gedoen moet word. (5)

2.2 Bouwerk is gevaarlik en riskant.

Noem DRIE probleme wat daartoe kan bydra dat 'n terrein onveilig word. (3)

2.3 Optekening help om gevare in die werkomgewing te identifiseer en om situasies te vermy wat mense se lewens in gevaar kan stel.

Noem VYF belangrike besonderhede wat in ag geneem moet word wanneer 'n voorvalverslag opgestel word. (5)

2.4 Noem TWEE veiligheidsoorwegings wanneer daar op hoogtes gewerk word. (2)
[15]

Kopiereg voorbehou

VRAAG

3.1 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Iets wat leed kan aandoen	A	polsslag
3.1.2	Skade aan jou liggaam	B	kunsmatige asemhaling
3.1.3	Die hoeveelheid kere wat 'n hart in 'n sekere tydperk klop	C	besering
3.1.4	Die proses waarin 'n siekte of toestand geïdentifiseer word	D	skok
		E	gevaar
3.1.5	'n Tegniek om lug te gee vir 'n persoon wat nie self kan asemhaal nie	F	kunsmatige bloeding
		G	diagnose

(5 × 1) (5)

3.2 Noodhulp is die aanvanklike en onmiddellike hulp wat aan 'n persoon gegee word wat 'n klein of groot besering of 'n siekte het.

Noem VYF dinge wat noodhulpwerkers moet verseker wanneer hulle iemand behandel wat beseer is. (5)

3.3 Brandwonde word in verskillende kategorieë verdeel op grond van hoe diep die vel beskadig is.

Noem DRIE grade brandwonde. (3)

3.4 Skryf die volgende afkortings volledig uit:

3.4.1 KA ('AR' in Engels)

3.4.2 KPR

(2 × 1) (2)

[15]

VRAAG 4

4.1 Die diagramme hier onder toon algemene gereedskap. Benoem die gereedskap en noem EEN doel van elkeen. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1.1



4.1.2



4.1.3



4.1.4



4.1.5



(5 × 2) (10)

4.2 Noem DRIE spesialisloodgietersgereedskapstukke wat 'n loodgieter sal gebruik vir installering in 'n gebou. (3)

4.3 Noem DRIE vorms van poligone. (3)

4.4 Verduidelik die proses waarin laaghout afgemerk, gesny en gemonteer word om 'n eenvoudige luik ('shutter') te skep wat as 'n betonvorm gebruik kan word. (10)

4.5 'n Beitel word op gebiede soos houtwerk, klipmesselwerk en ander soorte bouwerk gebruik.

Noem VIER voordele van die gebruik van beitels. (4)
[30]

VRAAG 5

5.1 Noem die TWEE hoofsoorte lere. (2)

5.2 Noem DRIE belangrike punte om in ag te neem wanneer 'n reguit of 'n skuifleer opgestel word. (3)

5.3 Verduidelik die kontroles wat gedoen moet word tydens die inspeksie van lere voor gebruik. (5)
[10]

VRAAG 6

6.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

6.1.1 'n Komponent is 'n deel of 'n stuk van iets.

6.1.2 Toegang is 'n belangrike element in die ontwerp van steiers.

6.1.3 'n Inspeksieregister is 'n dokument wat die werknemer gebruik om aan te toon watter komponente van steiers geskik vir die doel daarvan is.

6.1.4 'n Mobiele toring is 'n steier wat op 'n voetplaat opgerig is.

6.1.5 Die kontrakteur moet 'n bekwame persoon aanstel om steiers op te rig.

6.1.6 'n Voetbord word bo die grond geplaas om meer stabiliteit aan die steier te gee.

6.1.7 Elke platform wat meer as twee meter bo die grond is, moet skutrelings van tussen 900 mm en een meter hê.

6.1.8 Geen werker mag op die steier ry terwyl dit van een plek na 'n ander verskuif word nie.

6.1.9 'n Kalf ('transom') is 'n vertikale pyp wat teen regte hoeke tot 'n gebou loop.

6.1.10 'n Skutreling loop om die rand van die steier.

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

6.2 Verduidelik die proses wanneer 'n steier uitmekaar gehaal word. (4)

6.3 Skryf die volgende afkortings volledig uit:

6.3.1 SANS

6.3.2 VWL ('SWL')

6.3.3 BGV ('OHS')

6.3.4 PBT ('PPE')

6.3.5 OWL ('DWL')

(5 × 1) (5)

6.4 Noem die VYF opeenvolgende fases vir opleiding van 'n steierinspekteur. (5)

6.5 Definieer die term *staander* soos op steiers van toepassing. (1)

[25]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou